



SELFNET
LEDEGIDS

2016



Selfmed
MEDIËSE SKEMA

INHOUD

1. Lidmaatskap.....	1
2. Bydraes	3
3. Werking van Selfmed Opsies.....	4
4. Voorgeskrewe Minimum Voordele	5
5. Voorafgoedkeuring.....	7
6. Bestuurde Gesondheidsorg	8
7. Interne Prostese.....	10
8. Betaling van Eise.....	11
9. Uitsluitings.....	12
10. Definisies en Afkortings	15
11. Kontaknommers.....	19

Die Selfmed Mediese Skema is 19 November 1974 formeel geregistreer.

Die Skema se Raad van Trustees is:

Trevor Harris (Voorsitter)

Reg Engelbrecht

Francois de Wit

Duncan Albertyn

Reg No: 1446

1. LIDMAATSKAP

1.1. **Wie kwalifiseer as 'n afhanklike van 'n lid?**

- Gade
- Metgesel van hooflid
- Kinders
- Broers, susters en ouers indien afhanklik van hooflid vir sorg en ondersteuning

1.2. **Watter bewys het die Skema nodig ten opsigte van 'n afhanklike se afhanklikheid van die hooflid?**

- 'n Huweliksertifikaat, in geval van gade.
- 'n Beëdigde verklaring, in geval van gemeenregtelike gade.
- In geval van metgesel, 'n beëdigde verklaring dat die hooflid en hierdie afhanklike 'n gemeenskaplike huishouding deel en beplan om dit permanent te doen.
- Wat kinders betref:
 - Regsdokumente vir aanneming in geval van 'n aangenome kind,
 - 'n Hofbevel vir 'n pleegkind.
- Wat broers, susters en ouers van die hooflid betref, word 'n beëdigde verklaring benodig wat die verwantskap met die hooflid bevestig en verklaar dat die familielid finansiële afhanklik van die hooflid is vir sorg en ondersteuning.

1.3. **Hoe voeg ek 'n nuwe afhanklike by my bestaande lidmaatskap?**

Vul 'n wysigingsvorm in, verkrygbaar by die Skema of vanaf die Selfmed webtuiste (www.selfmed.co.za). Faks jou ingevulde wysigingsvorm na: 0860 288 363. Die ingevulde wysigingsvorm kan ook gepos word of per epos gestuur word. Verwys asb. na die laaste bladsy van hierdie ledegids vir volledige kontakbesonderhede. Doen navrae oor jou aansoek by 0860 787 372.

1.4. **Wat gebeur in die geval van die dood van 'n hooflid?**

Die Skema sal die oudste afhanklike in kennis stel van sy reg om met die lidmaatskap voort te gaan as hooflid terwyl die status van die ander afhanklikes onveranderd bly, op voorwaarde dat die Skema 'n afskrif van die doodsertifikaat ontvang. Tensy die Raad in kennis gestel word dat sodanige persoon nie 'n lid wil wees nie, sal hy toegelaat word as lid tot die Skema. Bankbesonderhede moet aan die Skema voorsien word sodat daar nie 'n onderbreking in die betaling van bydraes is nie. Indien oudste afhanklike minderjarig is, benodig die Skema toestemming van 'n wettige voog.

1.5. **Wanneer het die Skema die reg om my lidmaatskap of dié van enige van my afhanklikes te kanselleer?**

Indien jy of enige van jou afhanklikes:

- by 'n ander skema aansluit en nagelaat het om een maand skriftelik kennis te gee, in welke geval die Skema ook nie meer as twee maande se bydraes sal terugbetaal nie;
- onware inligting verskaf, of belangrike inligting verswyg wanneer daar om registrasie aansoek gedoen word;
- onware inligting verskaf by die indien van 'n eis, 'n vals eis indien, of doelbewus toelaat dat 'n diensverskaffer voorafgenoemde namens jou doen;
- toelaat dat jou lidmaatskapkaart deur enige ander persoon gebruik word;

- sonder goeie verduideliking versuim om die Skema in te lig dat dit vir dienste of goedere betaal het wat nie gelewer of ontvang is nie;
- enige ander bedrieglike dade pleeg;
- versuim om bydraes binne 28 dae vanaf betalingsdatum te betaal;
- versuim om 'n voorskot binne 28 dae vanaf betalingsdatum terug te betaal
- die skema een (1) kalendermaand vooraf skriftelik kennis gee
- in geval van 'n maatskappy wat as 'n Groep geregistreer is, drie (3) maande vooraf skriftelike kennisgewing

1.6. Wanneer is ek op voordele geregtig?

Jy is vanaf die intreedatum van jou lidmaatskap op voordele geregtig, indien geen algemene wagtydperk, of toestand-spesifieke wagtydperk van toepassing is nie.

1.7. Wagtydperk

1.7.1. Wat is 'n algemene wagtydperk?

Die Skema mag 'n algemene wagtydperk van drie maande op alle voordele instel ten opsigte van alle nuwe aansoekers en afhanklikes wie:

- Noot aan 'n vorige mediese skema behoort het nie; en/of
- Nie aan 'n mediese skema behoort het vir 90 dae of meer, voor toetrede tot die huidige skema nie; en/of
- Lede was van 'n ander mediese skema vir 'n periode van meer as 2 jaar sonder 'n onderbreking in lidmaatskap van 90 dae of meer tussen die beëindiging van lidmaatskap by die vorige skema en toetrede tot die nuwe skema. 'n Sertifikaat van vorige lidmaatskap mag vereis word.

1.7.1.1. Het ek die keuse om 'n betaling te maak ten einde die wagtydperk te laat ophef?

- Ongelukkig nie. Selfmed gee nie hierdie opsie nie.

1.7.2. Wat is 'n toestand-spesifieke wagtydperk?

Die Skema mag ook 'n toestand-spesifieke wagtydperk opleë van tot 12 maande, vanaf intreedatum van jou lidmaatskap, ten opsigte van enige voordeeltrekkers met 'n voorafbestaande mediese toestand, wat:

- Noot aan 'n vorige mediese skema behoort het nie; en/of
- Nie aan 'n mediese skema behoort het vir 90 dae of meer, voor toetrede tot die huidige skema nie; en/of
- Lede was van 'n ander mediese skema vir 'n periode van minder as 2 jaar sonder 'n onderbreking in lidmaatskap van 90 dae of meer tussen die beëindiging van lidmaatskap by die vorige skema en toetrede tot die nuwe skema. 'n Sertifikaat van vorige lidmaatskap en/of 'n mediese verslag mag vereis word.

1.7.3. Geen wagperiodes sal toegepas word op:

- 'n Voordeeltrekker wat van opsie verander binne die Skema; of
- 'n Kind afhanklike wat gebore is gedurende die periode van lidmaatskap

1.8. Intreedatum

1.8.1. Wat is 'n intreedatum?

Datum waarop 'n persoon lid word van die Skema of die datum waarop 'n afhanklike se registrasie effektief word.

1.8.2. Wat is die intreedatum ten opsigte van afhanklikes?

- Wanneer die aansoek binne 30 dae vanaf die verkryging van 'n nuwe afhanklike ontvang word (bv. by 'n huwelik, geboorte of aanneming), is die intreedatum die datum van verkryging
- Indien die aansoek ná 30 dae vanaf verkryging van 'n nuwe afhanklike ontvang word, is die intreedatum die eerste van die maand na die een waarin die aansoek ontvang is, OF die eerste van die daaropvolgende maand nadat alle inligting wat die Skema mag benodig ten opsigte van so 'n aansoek ontvang is.

1.9. Wanneer is my afhanklikes geregtig op voordele?

Jou afhanklikes is vanaf die intreedatum op voordele geregtig, tensy 'n wagtydperk van toepassing is.

2. BYDRAES

2.1. Hoe word my bydrae betaal?

As hooflid betaal jy 'n vaste bedrag, ongeag jou ouderdom en inkomste, plus 'n vaste bedrag vir elke volwasse afhanklike (21 jaar of ouer) en elke minderjarige afhanklike (jonger as 21 jaar) wat onder jou lidmaatskap geregistreer is.

Voorbeeld:

Hierdie tabel verwys na die Selfmed Selfnet Opsie.

Jou bydrae as hooflid	R 1,097.00
Een bykomende volwasse afhanklike	R 1,097.00
Een bykomende minderjarige afhanklike	R 387.00
Totale versekerde bydrae	R 2,581.00

2.2. Wanneer is lidbydraes betaalbaar?

Bydraes is maandeliks vooruit betaalbaar, met ingang vanaf die eerste dag van die maand waarin jou intreedatum val.

2.3. In watter stadium, nadat my minderjarige afhanklike 21 jaar oud geword het, word my bydrae verhoog?

Die verhoogde bydrae vir 'n volwasse afhanklike sal betaalbaar wees vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die afhanklike 21 word.

2.4. **Wanneer is verhoogde bydraes ten opsigte van 'n nuwe afhanklike betaalbaar?**

Die eerste verhoogde bydrae is betaalbaar vanaf:

- lid se intreedatum, indien die afhanklike se byvoeging aangedui word op lid se aansoek; of
- vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die toelatingsdatum van afhanklikes wat binne 30 dae van geboorte of huweliksdatum geregistreer word; of
- enige ander datum wat die Skema mag bepaal

2.5. **Wat gebeur as my bydraes agterstallig raak?**

As die Skema jou bydraes nie betyds ontvang het nie, word die betaling van alle voordele onder jou lidmaatskap opgeskort tot tyd en wyl agterstallige bydraes ontvang is. As jou bydraes meer as 'n maand agterstallig is, word jou lidmaatskap onmiddellik, sonder verdere kennisgewing, beëindig.

2.6. **Wat is 'n laat aansluiter?**

Die afdeling "Definisies" beskryf 'n laat aansluiter.

2.7. **Hoe werk laataansluitingsboetes?**

Die Skema kan 'n laataansluiter se bydraes volgens die Wet op Mediese Skemas verhoog. Die aantal jare waar geen mediese dekking geniet is nie word gebruik en omskep in 'n persentasie soos deur die Wet voorgeskryf. Die laataansluitingsboete is dus 'n voorgeskrewe persentasie van die normale maandelikse bydrae.

3. WERKING VAN SELFMED OPSIES

3.1. **Opsies Beskikbaar**

3.1.1. **Wat is 'n Opsie?**

'n Opsie is 'n produk wat onder die Skema geregistreer is en wat jou 'n spesifieke struktuur van voordele bied.

3.1.2. **Watter Opsies bied die Skema?**

- Selfmed Selfnet
- Selfmed MEDXXI
- Selfmed Selfsure
- Selfmed Med Elite
- Selfmed 80%

3.1.3. **Wanneer kan ek my Opsie verander?**

Jy kan jou opsie jaarliks op 1 Januarie verander, nadat jy die Skema minstens 30 dae skriftelike kennis gegee het.

3.1.4. Hoe verander ek my Opsie?

Stuur 'n voltooië Opsievorm terug aan die Skema. Dit is verkrygbaar by die Skema se kantore of vanaf die webtuiste (www.selfmed.co.za).

4. VOORGESKREWE MINIMUM VOORDELE

4.1. Wat is die Voorgeskrewe Minimum Voordele (VMV)?

Die Wet op Mediese Skemas skryf sekere voordele voor ten opsigte waarvan mediese skemas verplig is om die diagnose, behandeling en sorg wat daarmee verband hou te betaal, sonder enige bybetaling of kortings, met dien verstande dat die dienste verkry word by die Skema se Aangewese Diensverskaffer, en in die geval van medisyne, dat die medikasie voldoen aan die Skema se formulier en befondsings-protokolle.

LW: Hierdie voordele is beskikbaar op aansoek aan alle lede en is addisioneel tot die voordele wat hul gekose Opsie alreeds bied.

4.2. Wat is 'n Aangewese Diensverskaffer?

Dit is 'n gesondheidsorgverskaffer of groep van gesondheidsorgverskaffers wat deur die Skema aangewys is as voorkeurverskaffer vir die behandeling en sorg van die toestande wat deel vorm van die Voorgeskrewe Minimum Voordele. Hierdie diensverskaffers is:

- CareCross
- Mediclinic
- ICON Onkologie
- One Health Managed Care

Let asseblief daarop dat al word hierdie dienste ten volle gedek deur die Skema, sal die Skema se gesondheidsorgbeginsels steeds van toepassing wees. Dit beteken dat voorafgoedkeuring steeds 100% verkry moet word vir 'n Voorgeskrewe Minimum Voordele toestand wat hospitalisasie vereis. Magtiging moet ook verkry word vir medisyne ten opsigte van die Voorgeskrewe Minimum Voordele.

4.3. Wat gebeur indien dienste verkry word by 'n verskaffer wat nie die Skema se Aangewese Diensverskaffer is nie?

Jy sal dan verantwoordelik wees vir 'n bybetaling van 40% (vooraf betaalbaar) ten opsigte van die Voorgeskrewe Minimum Voordele, wat vrywilligverkry is van 'n verskaffer, anders as die Skema se Aangewese Diensverskaffers.

4.4. Wat gebeur in geval van die volgende:

- Die benodigde diens was nie beskikbaar by die Aangewese Diensverskaffer nie, of kon nie binne 'n redelike tyd voorsien word nie, OF
- Daar was geen Aangewese Diensverskaffer binne redelike bereik van waar die voordeeltrekker was nie, OF
- Onmiddellike sorg as gevolg van 'n noodgeval was nodig, wat die gebruik van ander verskaffer genoodsaak het?

Indien enige van die bogenoemde omstandighede geld, sal die bybetaling in (4.3) nie van toepassing

wees nie, met dien verstande dat die volgende dokumentasie voorsien en goedgekeur moet word deur die Skema:

- Geskrewe kommunikasie wat die noodsaaklikheid, in geval van al drie bogenoemde punte, staaf
- 'n Omvattende kliniese verslag wat die noodsaaklikheid van onmiddellike sorg, in die geval van 'n noodgeval, ondersteun

4.5. **Watter toestande en behandelings is ingesluit onder die Voorgeskrewe Minimum Voordele?**

Ongeveer 270 toestande vorm deel van die Voorgeskrewe Minimum Voordele, in die geval van komplikasies, wat hospitaalbehandeling noodsaak. 'n Lys hiervan is verkrygbaar by die Skema, op versoek.

Vanaf 1 Januarie 2004 word daar ook voorsiening gemaak vir die mediese bestuur, diagnose en medisyne van die volgende kroniese toestande:

- | | |
|---|--------------------------------|
| • Addison se Siekte | • Hemofiele |
| • Asma | • Hipercholesterolemie |
| • Bipolêre Gemoedsversteuring | • Hipertensie |
| • Brongiëktase | • Hipertensie |
| • Chroniese Nierversaking | • Kardiomiopatie |
| • Chroniese Obstruktiwiese Pulmonêre Siekte | • Kongestiewe Hartversaking |
| • Crohn se Siekte | • Koronêre Vatsiekte |
| • Diabetes Insipidus | • Parkinson se Siekte |
| • Diabetes Mellitus Tipe 1 & 2 | • Rumatoïede Artritis |
| • Disritmes | • Sistemiese Lupus Erytematose |
| • Epilepsie | • Skisofrenie |
| • Gloukoom | • Ulseratiewe Kolitis |
| | • Veelvuldige Sklerose |

4.6. **Hoe registreer ek vir VMV kroniese medikasie?**

Om aansoek te doen vir VMV kroniese medikasie, moet die pasiënt en sy of haar CareCross dokter 'n aansoekvorm vir kroniese medikasie voltooi en indien by CareCross se kliniese afdeling. Daarna sal die pasiënt en die CareCross dokter ingelig word oor die maandelikse prosedure van wanneer en waar die medisyne afgehaal kan word.

5. VOORAFGOEDKEURING

5.1. **Wat is voorafgoedkeuring (PAR)?**

Voorafgoedkeuring (PAR) is die goedkeuring van enige beplande VMV toelating tot 'n hospitaal.

MRI/CT-skanderings en radio-isotoopstudies vereis spesifieke voorafgoedkeuring, ongeag of dit deel van hospitalisasie is of nie. 'n R 1,000.00 bybetaling sal van toepassing wees, indien die finale diagnose nie VMV is nie.

Indien jy onseker is of 'n prosedure in hierdie kategorie val en dus 'n PAR benodig, skakel asb. die Voorafgoedkeuringsentrum vir advies by 0860 103 491.

Let Wel: 'n PAR is nie 'n waarborg van 'n eis se betaling nie. Betaling is ten alle tye onderhewig aan beskikbare voordele en 'n bybetaling mag van toepassing wees (volle besonderhede in Opsomming van Voordele).

5.2. **Wanneer moet ek om 'n voorafgoedkeuringsnommer (PAR) aansoek doen?**

Hierdie aansoek om 'n PAR moet so spoedig moontlik gedoen word, verkieslik by bevestiging van toelating deur jou dokter. Ons beveel aan dat jy minstens drie besigheidsdae voor 'n beplande prosedure aansoek doen ingeval meer inligting van jou dokter benodig word. Indien dit 'n noodgeval oor 'n naweek of gedurende die nag is, kan jy binne 24 uur vanaf die toelating of skandering by die CareCross Voorafgoedkeuringsentrum om 'n PAR aansoek doen. In die geval van swangerskap, moet jy verkieslik voorafgoedkeuring vir die bevalling teen week 28 versoek.

5.3. **Hoe moet ek met die Voorafgoedkeuringsentrum in verbinding tree om 'n PAR te bekom?**

Jou CareCross dokter kan 'n e-pos stuur aan selfmed@carecross.co.za of CareCross kontak by 0860 103 491

5.4. **Watter inligting moet ek byderhand hê wanneer ek om 'n PAR aansoek doen?**

Jou Carecross dokter moet die volgende voorsien:

- Lidmaatskapnommer en afhanklike kode
- Pasiënt se volle naam en geboortedatum
- Datum van toelating EN datum van prosedure. (Dit is besonder belangrik aangesien ons as 'n reël nie voor operatiewe prosedures die dag vóór die beplande chirurgie

magtig nie – dit moet versoek en gemotiveer word).

- Van en voorletters van dokter of diensverskaffer en praktyknommer
- Naam en telefoonnommer van dokter of in die geval van MRI/CT-skanderings, die radioloog se besonderhede
- Naam van hospitaal waar die pasiënt toegelaat gaan word
- Die rede vir die toelating tot die hospitaal, of die beplande diagnostiese prosedure en ICD-10 kode
- Vra jou dokter om 'n volledige beskrywing van die volgende inligting wat van nut sal wees tydens die aansoek om 'n PAR:
 - Die diagnose, en
 - die beplande prosedure, asook die prosedurekodes wat hy/sy beoog om te gebruik.

5.5. **Wat gebeur as ek nie om 'n PAR aansoek doen nie?**

As jy nie vooraf of binne 24 uur (in 'n noodgeval) aansoek doen om 'n PAR nie, sal geen voordele betaalbaar wees nie.

6. BESTUURDE GESONDHEIDSORG

Bestuurde gesondheidsorg word gedefinieer as enige poging om die rasonale, kostedoeltreffende en toepaslike gebruik van gesondheidsorghulpmiddels aan te moedig. Die Skema se filosofie is om dit te bereik met lede asook diensverskaffers se samewerking.

6.1. **Protokolle**

Die Skema se bestuurde gesondheidsorgverskaffer gebruik befondsingsriglyne en protokolle ten opsigte van sekere goedere en dienste waarvoor voordele toegestaan word. Voordeeltrekkers sal slegs kwalifiseer vir voordele ten opsigte van sodanige dienste en goedere, indien daar aan die riglyne en protokolle voldoen is.

Die Skema of bestuurde gesondheidsorgverskaffer mag voorts, in sy diskresie, die koste van enige laparoskopiese chirurgie beperk tot die koste van die ekwivalente konvensionele (oop) chirurgie.

6.2. **Siektebestuur**

Siektebestuur is 'n holistiese benadering wat fokus op die pasiënt se siekte, met inbegrip van alle koste-elemente wat gebruik word. Tussentrede vind plaas deur middel van pasiëntberading en opvoeding, gedragsmodifikasie, terapeutiese riglyne, insentiewe, boetes en gevallebestuur.

6.2.1. **Onkologiebestuur**

Dit is belangrik dat jy, voordat jy met aktiewe behandeling begin, so gou moontlik by die Skema se Onkologiebestuursprogram aansluit.

6.2.1.1. **Hoe moet jy registreer?**

Jou behandelende dokter moet 'n behandelingsplan voltooi en aan die Skema se kliniese span stuur,

aangesien alle onkologiebehandeling onderhewig is aan voorafgoedkeuring en gevallebestuur. Indien jy kanker- verwante behandeling ontvang, maar jou behandeling nie vooraf goedgekeur is deur die Program nie, sal jy nie 'n versekerde voordeel ten opsigte hiervan ontvang nie. Lede op alle opsies moet gebruik maak van die Skema se voorkeurverskaffer onkologienetwerk.

Sodra die Onkologiebestuursplan jou inligting, behandelingsplan en lidmaatskapbesonderhede ontvang, sal jou voorgestelde behandeling op stelsel geplaas word. Die behandelingsplan word dan hersien en, indien nodig, sal 'n lid van die kliniese span jou dokter kontak om moontlike alternatiewe behandeling met hom te bespreek. 'n Magtiging sal aan hom gestuur word nadat jou behandelingsplan verwerk en goedgekeur is. Jy sal ook 'n magtigingsbrief ontvang.

Maak asseblief seker dat jou dokter die Onkologiebestuursplan inlig omtrent enige veranderinge in jou behandeling, aangesien jou magtiging dan weer aangepas moet word.

NOTA: Afgesien van die magtiging wat die Onkologiebestuursplan toestaan, moet jy steeds voorafgoedkeuring bekom ten opsigte van enige hospitalisasie, gespesialiseerde radiologie, sekondêre fasiliteite en stoma terapie

6.2.1.2. Vir wie moet jou dokter kontak om jou behandeling te registreer?

Skakel gerus 0860 103 491 of stuur 'n e-pos aan selfmed@carecross.co.za

6.2.1.3. Is daar enige beperkings van toepassing op onkologie voordele?

Nee, maar dekking word voorsien vir VMV toestande alleenlik

6.2.2. MIV/VIGS

Spesifieke voordele is beskikbaar vir antiretrovirale terapie, verwante medisyne en patologiese toetse en sal streng vertroulik hanteer en bestuur word, waar lede op die MIV/VIGS Bestuursprogram registreer. Ondersteuning en berading is beskikbaar aan die betrokke lid en familie, indien nodig.

Enige lid of afhanklike wat positief vir MIV getoets is, word aangemoedig om by die MIV/VIGS Bestuursprogram aan te sluit ten einde toegang tot voordele te kry.

Kontaknommers verskyn agter in hierdie gids.

6.3. Borsrekonstruksies

Voordele word toegestaan vir rekonstruktiewe chirurgie na mastektomie vir bewese borskanker. Voordele word eenmalig betaal vir volledige rekonstruksie volgens watter metode ook al, sowel as vir reduksie-chirurgie aan die onaangestepte kant vir simmetrie, waar aangewese, soos per motivering.

Slegs komplikasies van 'n werklike mediese aard word oorweeg vir voordele en nie vir mislukte kosmetiese operasies nie.

6.4. **Orgaanoorplantings en Dialise**

Voordele ten opsigte van dialise en orgaanoorplantings sal slegs toegelaat word indien behandeling deel vorm van 'n Gevallebestuursprogram. Voordele word toegestaan ten opsigte van nierdialise en die volgende orgaanoorplantings: hart-, long-, hart-en-long, beenmurg-, nier-, en leweroorplantings. Voordele is voorts onderhewig daaraan dat die ontvanger van 'n orgaan 'n begunstigde moet wees. Verwys asb. na die Opsommings van Voordele vir meer inligting oor die voordele wat jou Opsie bied.

6.5. **Ambulansdienste (ER24)**

6.5.1. **Met wie moet ek in verbinding tree rakende ambulansdienste?**

ER24 is die Skema se voorkeurverskaffer van ambulansdienste. Hulle moet geskakel word vir enige medies geregverdigde ambulansvervoer. As dienste nie deur (of deur die tussentrede van) ER24 gelewer word nie, word voordele beperk tot 'n voorgeskrewe maksimum. (Sien asseblief Voordeelskedis vir besonderhede).

6.5.2. **Hoe kan ek met ER24 in verbinding tree?**

Vir kliniese raad, asook versoeke vir vervoer, skakel 084 124, indien binne die RSA. Vir eisenavrae, kan jy 011 319 6580 skakel.

6.5.3. **Hoeveel tyd het ek om ER24 in te lig dat ek as gevolg van 'n noodgeval van 'n ander ambulansdiens gebruik moes maak?**

Indien dit 'n noodgeval is, moet jy ER24 binne 24 uur vanaf die datum waarop die diens gelewer is, daarvan verwittig sodat jy vir onbeperkte voordele kan kwalifiseer. L.W.: Die dienste van die voorkeurverskaffer is slegs beskikbaar in die RSA, Swaziland en Lesotho. NB: Indien jy ER24 vanuit een van hierdie buurstates moet kontak, is die kontaknommer: 011 541 1218.

7. **INTERNE PROSTESE**

7.1. **Wat is 'n Interne Protese?**

Dit is 'n toestel wat in die liggaam ingeplant word as 'n interne ondersteuningsmeganisme en/of vir funksionele mediese redes as protese ingeplant word om dele van die liggaam te vervang.

7.2. **Watter voordele word toegestaan ten opsigte van Interne Protese?**

Voordele net van toepassing ten opsigte van VMV's.

8. BETALING VAN EISE

8.1. Watter inligting moet 'n eis bevat sodat dit verwerk kan word?

Tipe eis	Vereistes
Mediese Praktisyns	Van en voorletters van die lid, lidmaatskapnommer, naam en geboortedatum van pasiënt, praktyknommer en die aard van diens, tersaaklike kode insluitende ICD-10 kode, diensdatum en die koste van elke diens wat gelewer of goedere wat voorsien is.
Medisyne	Die naam, hoeveelheid, dosis en netto bedrag betaalbaar deur die lid ten opsigte van geresepteerde medisyne, en die tersaaklike NAFPK- kode (die nasionale farmaseutiese produkkoppelvlak), asook ICD-10 kode.
Tandheelkundige	Die nommer van elke behandelde tand
Chirurgiese	Die naam, praktyknommer en registrasienommer, uitgereik deur die tersaaklike registrerende owerheid van elke mediese praktisyn of tandarts, wat in die uitvoering van daardie operasie bystand verleen het

8.2. Wanneer moet ek 'n eis indien?

'n Eis moet binne vier maande vanaf die einde van die maand waarin die diens gelewer is, ingedien word. Eise wat na die tydperk ingedien word sal nie vir voordele kwalifiseer nie.

8.3. Hoe sal ek weet wanneer my eis uitbetaal is?

Ná die verwerking van jou eis sal jy 'n eisestaat ontvang waarin enige betalings aangedui sal word.

L.W. Waar afslag op 'n rekening toegestaan is, sal 'n lid slegs geregtig wees op die laer voordeelbedrag, nadat die afslag in berekening gebring is.

8.4. Word voordele ten opsigte van buitelandse eise toegelaat?

Geen voordele word vir buitelandse eise toegestaan nie, met die uitsondering van Namibiese eise. Namibiese eise word verwerk en in Suid-Afrikaanse rand aan lede uitbetaal.

9. UITSLUITINGS

Die volgende is uitsluitings op alle opsy's:

9.1. Uitsluitings van toepassing op basiese en gespesialiseerde tandheelkunde:

- Harsbinding van metaalvulsels
- Mondskerm vir sportdoeleindes
- Metaalinlegsels in kunstande
- Bleik van noodsaaklike tande
- Metaalinlegsels in voortande
- Koste verbonde aan professionele verslae
- Elektrognatografiese opname – met of sonder rekenaaranalise

9.2. Uitsluitings van toepassing op voorgeskrewe medisyne:

- Patent- en medisyne wat in kliniese studies gebruik word, patent-preparate en huis-houdelike geneesmiddels
- Patent-voedselprodukte, insluitende babakos en spesiale formules, tensy moeder HIV positief is
- Verslankingspreparate
- Chirurgiese toerusting en bybehore
- Diagnostiese middels en toerusting, behalwe diabetiese bykomstighede
- Medisyne wat spesifiek gebruik word om alkoholisme te behandel, behalwe as dit gebruik word as deel van 'n voordeeltrekker se rehabilitasiebehandeling by 'n erkende fasiliteit
- Geslagsprikkelmiddels
- Anaboliese steroïede
- Sonskerm en sonverbruiningsmiddels, insluitende versagters en vogmiddels
- Kosmetiese preparate, seep, sjampoe en ander lokale/plaaslike middels, geneeskundig of andersins, behalwe vir die behandeling van psoriase, luise, jeuksiekte en ander parasitiese en swaminfeksies, met uitsondering van voorgeskrewe minimum voordele
- Enkele of gekombineerde mineraalpreparate, behalwe vir kalsiumpreparate met 300mg of meer elementele kalsium wat gebruik word vir die voorkoming en behandeling van osteoporose en potassium wanneer dit saam met 'n diuretikum gebruik word asook yster-aanvullings vir bloedarmoede
- Kontaklenspreparate
- Preparate wat nie maklik klassifiseerbaar is nie
- Stimulant-lakseermiddels
- Stimulant laxatives
- Behandeling van erektiele disfunksie, byvoorbeeld Sildenafil en/of ander geneesmiddels
- Produkte vir inkontinensie, tensy a.g.v. komplikasies wat spruit uit PMB-toestand in hospitaal
- Immunoglobuline
- Inspuitmateriaal, behalwe diabetiese inspuitmateriaal
- Nebuliseerders, tensy deel van 'n asmabestuursprogram
- Bloeddrukmonitors
- Glukometers, tensy deel van 'n siektebestuursprogram
- Die volgende geneesmiddels, tensy dit deel vorm van die publieke sektor se protokol en goedgekeur word deur die verwante bestuurde gesondheidsorgprogram:

Hierdie gids is slegs 'n opsomming. In geval van 'n dispuut, sal die Geregistreerde Reëls van die Skema van toepassing

- Rituzimab (of enige ander monokloniese teenliggame as instandhoudingsbehandeling vir hematologiese maligneite - byvoorbeeld Mabthera.
- Fungus infeksies: liposomale amfoterisien B
- Septiese skok en sepsis: proteïen C inhibeerder - byvoorbeeld Xigris
 - Bevacizumab vir kolorektale kanker - byvoorbeeld Avastin

9.3. Uitsluitings van toepassing op Akute Medisyne:

- Medisyne wat nie bewys lewer van kliniese waarde nie
- Medisyne wat duurder is as soortgelyke effektiewe en veilige alternatiewe
- Medisyne wat geneig is tot misbruik, bv. Benzodiazepine
- Duur kroniese medisyne wat vooraf goedkeuring benodig
- Kombinasie produkte waar 'n enkel-bestanddeel produk meer toepaslik sou wees
- Nuut geregistreerde medisyne wat kliniese hersiening ondergaan

9.4. Uitsluitings van toepassing op optiese voordele:

- Verstelling van rame
- Pas van kontaklense
- Donkerbrille
- Gekleurde lense
- Refraktiewe korrektiewe oog chirurgie

9.5. Algemene Uitsluitings

- Verbande, watte, pleisters en ander huishoudelike noodhulpitems – tensy dit tydens hospitaalverblyf verskaf is
- Ondersoek vir versekering, indiensneming, dagvaardings en ander soortgelyke doeleindes
- Kosmetiese en rekonstruktiewe chirurgie, insluitend vir bakore, volgens die lid of afhanklike se eie keuse, of slegs aanbeveel om sielkundige redes – en enige komplikasies as gevolg van sodanige chirurgie
- Waar meer as een kliniese prosedure, wat 'n PAR vereis, tegelykertyd uitgevoer word en 'n PAR nie vir altwee toegestaan is nie, sal geen voordele toegestaan word vir komplikasies weens enige van die prosedures nie
- Skoonheidsbehandelings en skoonheidspreparate en kosmetika
- Ondersoek en/of behandeling waar geen werklike of veronderstelde siekte bestaan nie en/of waar dit slegs om sielkundige redes aanbeveel word
- Ondersoek en/of behandeling vir steriliteit of erektiele disfunksie
- Kunsmatige bevrugting
- Huweliksterapie
- Geboortebepierking, behalwe mondelike, inspuitsbare en IUKA-geboortebepierking-smiddels asook vasektomieë en sterilisasie
- Vasovasostomie (omkeer van 'n vasektomie)
- Groepoefeninge of fiksheidstoetse
- Hiperbariese suurstofbehandeling
- Telefoniese konsultasies
- Dienste van maatskaplike werkers
- Koste van mediese verslae
- ALCAT- allergietoetse
- Skleroterapie, tensy 'n vaskulêre chirurg verantwoordelik is vir die behandeling waar dit deel is van die chirurgiese verwydering van vaskulêre are
- Reduksie: Mammoplastiek, tensy om mediese redes genoodsaak

- Behandeling van keloïede (behalwe in die geval van brandwonde afhanklik van 'n PAR)
- Refraktiewe chirurgie
- Funksionele rekonstruksie van verhemelte en kleintongetjie (uvulopalatopharyngoplastie)
- Akupunktuur
- Refleksologie en Aromaterapie
- Beseerings weens gevaarlike deelytde en professionele sportsoorte wat op 'n gereelde basis beoefen word, tensy 'n voorgeskrewe minimum voordeel. (Kontak die Skema om navraag te doen oor 'n spesifieke aktiwiteit.)
- Haemapure bloedprodukte
- Enige kunsmatige hart (bv. Berlin hart)
- Ondersoeke vir die toets van oë of visie deur iemand anders as 'n oogspesialis of geregistreerde optometris, en die koste van enige instrument anders as brille of kontaklense
- Reiskoste – behalwe vir die vervoer van die pasiënt na- en van 'n hospitaal
- Aanwenders, toiletpreparate en kosmetika
- Vakansies vir hersteldoeleindes
- Akkommodasie in aftree-oorde, sorgeenhede vir verswaktes, eenhede vir langtermynversorging en soortgelyke instellings
- Koste afgewys deur die Skema weens bedrog of as gevolg daarvan dat dit nie medies noodsaaklik of klinies geïndikeerd is nie, soos aangedui deur die Skema se eksterne ouditeure
- Geen voordele vir enige behandeling waaraan voordeeltrekkers deelneem op 'n proefbasis nie
- Geen voordele vir die bewaar van fetale stamselle
- Pektus ekskavatum/carinatum
- Alle monoklone teenliggaampies, behalwe Beta-Interferon vir die behandeling van Veelvuldige Sklerose volgens die PMB algoritme of tensy spesifiek vermeld as deel van 'n opsie se onkologie voordele)
- Medisyne nie goedgekeur deur die Medisyne Beheerraad, tensy artikel 21 goedkeuring bekom en magtiging verskaf is deur die toepaslike gesondheidsorgprogram
- MIV weerstandstoetsing tensy geregistreer en goedgekeur deur die toepaslike gesondheidsorgprogram
- Voeding en voedselaanvullers, insluitende babakos en spesifieke melkpreparate, tensy voorgeskryf vir lewensbedreigende wanabsorberende afwykings en vir MIV-moeder-tot-kind-oordrag (MTCT) profilakse indien geregistreer deur die toepaslike gesondheidsorgprogram
- Behandeling van obesiteit (vetsug) met uitsondering van sekere bariatriese chirurgiese prosedures wat uitgevoer word vir lewensbedreigende obesiteit, in ooreenstemming met ooreengekome, vooraf goedgekeurde protokol.
- Intra-okulêre lens inplanting, tensy na 'n katarakverwydering
- Mediese kouse, tensy voorsien deur 'n resepterende dokter of apteker, in welke geval dit vanaf die eksterne mediese voordele betaal sal word
- Slaapstudies en CPAP, indien liggaamsindeks 30 of hoër is, met dien verstande dat 'n maksimum tydperk van 6 maande se behandeling toegestaan sal word om gunstigde te help om gunstige liggaamsindeks te bereik

10. DEFINISIES EN AFKORTINGS

10.1. **Afhanklike**

Die volgende persone waarvoor die lid verantwoordelik is vir onderhoud, en wat nie 'n lid of 'n afhanklike van 'n lid van 'n ander mediese skema is nie en, indien van toepassing, wat behoorlik as afhanklikes geregistreer is deur die Skema.

- 'n gade; en/of metgesel;
- 'n kind – insluitende 'n aangenome kind, stiefkind of pleegkind; en/of
- die hooflid se ouers (insluitend pleegouers), susters en broers; en/of
- enige ander persoon goedgekeur deur die Skema

10.2. **Biologiese Middels**

'n Stof gemaak van 'n lewende organisme of sy produkte, insl. immunisasies, terapeutiese proteïene (bv. insulien) en monoklonale teenliggaampies.

10.3. **Chemoterapie**

Medikasie gebruik in die genesing en stuiting van kanker. Dit sluit sitostatika en hormoon inhibeerders in, maar sluit medikasie uit wat nie direk verband hou met die kankerbehandeling nie (bv. anti-depressante) en medikasie wat gebruik word vir die behandeling van langtermyn toestande wat ontstaan as gevolg van die kankerbehandeling.

10.4. **Diensdatum**

In die geval van:

- hospitalisasie – die datum van elke ontslag uit 'n hospitaal; of
- enige ander diens of benodigdhede – die datum waarop die diens gelewer is of die benodigdhede verkry is, ongeag of dit vir dieselfde ongesteldheid was of nie

10.5. **Diensverskaffer**

'n Mediese praktisyn, tandarts, apteker, verpleegster, kliniese sielkundige, mediese hulpdiens of hospitaal wat behoorlik geregistreer of gelisensieer is by 'n statutêre raad of relevant staatsdepartement – of indien praktiserend in 'n gebied buite Suid-Afrika (as sodanig), geregistreer of gelisensieer is deur 'n soortgelyke liggaam in daardie gebied.

10.6. **Effektiewe Datum**

Die datum waarop 'n voordeeltrekker geregtig word op voordele.

10.7. **Gade**

'n Persoon met wie 'n lid getroud is volgens 'n stelsel wat deur die Suid-Afrikaanse reg erken word.

10.8. **Gesin**

n Lid en sy/haar afhanklikes.

10.9. **Gevallebestuursprogram**

'n Proses wat bedoel is om klinies aangeduide, gepaste en kostedoeltreffende gesondheidsorg, as 'n alternatief vir hospitalisasie, of andersins, beskikbaar te stel aan voordeeltrekkers met spesifieke gesondheidsorgbehoefte – hetsy die Skema dit voorskryf, of die Skema dit op aansoek van 'n voordeeltrekker goedkeur.

10.10. **Hospitaal**

Insluitende 'n inrigting vir geestesgesondheid, geregistreerde alleenstaande teater, en dagklinik, maar uitsluitende 'n inrigting vir substansie misbruik.

10.11. **Implantologie**

Alle stadiums van behandeling wat nodig is om die plasing van 'n implantaatondersteunende tand of tande in ruimtes waar natuurlike tande vroeër verwyder is, te ondersteun. Dit sluit die volgende in: chirurgiese aanpassing van die kaak, chirurgiese inplasing en ontbloting van implantate.

10.12. **Intreedatum**

Die datum waarop 'n persoon lid word van die Skema of die datum waarop 'n afhanklike se registrasie effektief word.

10.13. **Jaar**

'n Tydperk van 12 maande wat op 1 Januarie begin en op 31 Desember eindig.

10.14. **Kliniese Prosedure**

'n Protese wat deel van die liggaam vervang, bv. 'n arm of been.

10.15. **Kunsmatige Protese**

'n Protese wat deel van die liggaam vervang, bv. 'n arm of been.

10.16. **Laat Aansluiter**

'n Aansoeker of die volwasse afhanklike van 'n aansoeker wat op die aansoekdatum 35 jaar of ouer is. Dit sluit enige afhanklike uit wat dekking gehad het van een of meer mediese skema voor 1 April 2001, sonder 'n onderbreking in lidmaatskap van meer as 90 dae vanaf 1 April 2001. 'n Sertifikaat van vorige lidmaatskap mag vereis word.

10.17. **Lid**

'n Persoon wat as lid geregistreer is deur die Skema.

10.18. **Mediese Hulpdiens**

’n Persoon of entiteit:

- wie se dissipline uitdruklik gedek word deur die Skemareëls; of
- met ’n praktykkode wat met 090 begin (uitgereik deur die Raad van Gesondheidsorg-befonders), wie se tipes dienste skriftelik goedgekeur is deur die Skema.10.18. Mediese Skema Tarief

Die Nasionale Verwysingsprys, soos gepubliseer deur die Departement van Gesondheid of sodanige ander tarief bepaal deur die Skema.

10.19. **Medisyne**

’n Middel wat geregistreer is onder die Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965, soos van tyd tot tyd gewysig of vervang.

10.20. **Minderjarige Afhanklike**

’n Afhanklike wat nog nie 21 jaar oud is nie.

10.21. **Nie-elektiewe Tandheelkundige Chirurgie**

Die behandeling van siste en gewasse van die kakebene, asook toestande van die speekselkliere; en/of die behandeling van absesse van die kakebene (buiten periodontale terapie); en/of die behandeling van alle trauma van die bene en sagte weefsel van die gesig; en/of ekstraksies of chirurgiese verwydering van tande.

10.22. **Ooreengekome Tarief**

In die geval van medisyne, die enkele uitgangsprys soos gepubliseer in die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe no. 101 van 1965, plus die resepteringsfooi goedgekeur deur die Raad of MMAP, watter ook al die laagste; en in alle ander gevalle die tarief ooreengekom tussen die skema en voorkeurverskaffers.

10.23. **Oorsese Eise**

Eise wat hul oorsprong het in lande wat buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika geleë is.

10.24. **Ortopediese toebehore**

Eksterne spinale en/of groot gewrigstoebehore met die uitsluitlike funksie om stabiliteit na ’n operatiewe prosedure te bied, bv. ruggraat, enkel, knie of skouerondersteuning.

10.25. **Protese**

’n Toestel wat ’n nie-funksionerende of verlore liggaamsdeel of orgaan vervang.

10.26. **Registrateur**

Die Registrateur van Mediese Skemas soos onder die Wet aangestel.

10.27. **Siektebestuur**

'n Holistiese benadering wat fokus op die pasiënt en wat al die koste-elemente van die siektegebruik om pasiënte te identifiseer wat kwalifiseer vir 'n siektebestuurprogram.

Bestuur en intervensie vind plaas deur middel van:

- pasiëntberading en -opvoeding
- gedragsmodifikasie
- terapeutiese riglyne (die aanwending van)
- insentiewe en boetes; en
- gevallebestuur

10.28. **Versekerde Voordeel**

Versekerde voordele vir dienste gelewer soos hospitalisasie en die behandeling/prosedures uitgevoer tydens hospitalisasie soos vervat in Skema Reëls.

10.29. **Verwysingsprys**

Dit verteenwoordig die maksimum prys wat die Skema sal betaal vir spesifieke medisyne of klas medisyne vir die kroniese toestande wat op die skema selys(bylaeC) verskyn en wat voldoen aan die Raad op Mediese Skemas se gepubliseerde kondisie algoritmes.

Die verwysingsprys kan verwys na beide 'n generiese verwysingsprys of terapeutiese verwysingsprys.

10.30. **Volwasse Afhanklike**

'n Afhanklike wat 21 jaar of ouer is.

10.31. **Voorafgoedkeuringsnommer (of PAR)**

'n Nommer wat deur die Skema se bestuurde gesondheidsorg-agent toegeken word, en wat vereis word voordat sekere dienste vir voordele kwalifiseer.

10.32. **Voordeeltrekker**

- Elke individuele lid en afhanklike.

10.33. **Voorgeskrewe Minimum Voordele**

Die minimum voordele wat die Skema onder die Wet moet voorsien.

10.34. **Voorkeurverskaffer**

'n Diensverskaffer met wie voorkeurtariewe beding is deur- of namens die Skema, of wat deel is van 'n voorkeurverskaffernetwerk wat deur- of namens die Skema gekontrakteer is.

10.35. **Wet**

Die Wet op Mediese Skemas, 1998, soos gewysig of vervang en die regulasies wat daaronder geproklameer word.

11. KONTAKNOMMERS

UITMUNTENDE DIENSSENTRUM
(vir lidmaatskap en premie navrae) Afskrif van die
Skema se klagtes beleid is beskikbaar op aanvraag

Tel: 0860 787 372 (SUPERB)
Faks: 0860 288 363 (ATTEND)
E-pos: expert@selfmed.co.za

EISE NAVRAE ASOOK VOORDEEL BEVESTIGING

Tel: 0860 103 491
E-pos: selfmed@carecross.co.za

HOSPITAAL VOORAFGOEDKEURING

Tel: 0860 103 491
E-pos: crc@carecross.co.za

KRONIESE MEDISYNE

Ons versoek lede om hul CareCross
Algemene Praktisyn te besoek vir
registrasie van kroniese medikasie
Tel: 0860 103 491
E-pos: chronic@carecross.co.za

SIKTEBESTUUR (HIV/VIGS)

Tel: 0860 906 090
Fax: 0865 578168
E-pos: selfmed@optipharm.co.za

ONKOLOGIE

Tel: 0860 103 491
E-pos: oncology@carecross.co.za

ER 24 AMBULANS DIENSTE

Vir Noodvervoer - in RSA = 084 124
Vir Noodvervoer - in Swaziland of
Lesotho = 011 541 1218

BEDROGLYN

Tel: 0861 299 999

INDIEN VAN EISE
(slegs oorspronklike eise sal aanvaar word)

Selfnet
Posbus 44991
Claremont
7735

RAAD VIR MEDIESE SKEMAS

Tel: 0861 123 267
Faks: 012 430 7644
E-pos: support@medicalschemes.com



Kaapstad
021 943 2300

Durban
031 576 0366

Vrystaat
011 466 6068

Johannesburg
011 466 6068

Mpumalanga
013 741 4588

Port Elizabeth
021 943 2300



www.selfmed.co.za



marketing@selfmed.co.za



0860 73 53 62 / 0860 SELFMED

REG.NR: 1446